DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


*Eredienste* begin *09:30*

**26 Maart 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Genesis 6: 5 - 22, Matteus 24: 36 - 39, Hebreërs 11: 7 |
| **Tema** | Geloof is die geestelike radar wat ons God se toekoms laat sien |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 10<br>Psalm 25: 2<br>Psalm 119: 51, 62<br>Skrifberyming 15-7: 1, 4<br>Skrifberyming 15-7: 5, 6 |

Noag ontvang opdrag van God om die ark te bou. Watter geweldige opdrag! Maar hy doen dit omdat hy geglo het (vs 7). Die krag van sy geloof kom nog sterker na vore as ons dink in watter tydsomstandighede hy die ark gebou het. Toe hy begin bou het, was daar nog geen teken van ’n sondvloed nie!

Wat meer is: dit was ’n tyd toe Kaïn se nageslag ’n geweldige hoogtepunt bereik het. Ons kan onsself voorstel hoe die mense vir Noag oor die bou van die ark gespot het. Maar Noag het in die geloof volhard om te bou en te preek: Bekeer julle! Soos Noag deur God se genade ’n ark moes bou tot redding vir hom en sy gesin, so moet ons deur die geloof ons lewensark bou. Ons moet bou deur ons kinders op te voed in die vrese van die Here. Ons moet bou aan die ark van skool, universiteit en die staat. Veral in hierdie goddelose tyd moet ons mense waarsku vir hulle verderf.

Veral moet ons egter daarop let hoe om te bou. Noag het van die Here ’n noukeurige beskrywing ontvang. Dit was nodig, want een verkeerde bouwerk kon die hele skip laat sink het. So is dit vandag ook nog. Alleen as ons as Christene, deur die krag van die Heilige Gees, volgens die Woord van God bou.

Alleen as die lyne van die kruis, waaraan ons Here Jesus vir ons sondes gesterf het, en die lyne van die oop graf, waaruit ons Here Jesus opgestaan het, in ons bouwerk gesien kan word, is redding moontlik!

Laat die wêreld maar spot oor ons bouwerk. Straks as die oordeel van God kom, sal ons bouwerk bly voortbestaan, soos Noag se ark!

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat swaar kry na die chemo-behandeling. Mag jy spoedig beter voel.
* Ons bid vir 'n geseënde Koningskinderskamp. Mag almal die nodige wysheid ontvang om werklik die Woord te laat grondvat.
* Ons bid vir almal wat op die pad gaan wees die komende vakansie. Mag ons Vader se bewarende hand op almal wees in die tyd.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 26 Mrt 2023

**Diensbeurt: Wyk 14**
**Ouderling: MJ Venter**

**Katkisasie: Geen katkisasie**
**Diaken:**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**26 Maart 2023**
Jane De Witt
Hantie Hoogenboezem
Daleen Hoogendyk
Nicolette Howard

**2 April 2023**
Elizabeth Hurter
Megan vd Merwe
Sheralyn Jv Rensburg
Bonnie Jv Rensburg

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie weer op 18 April 2023 sal hervat.**

Hou asb die Basuin dop vir datums.






# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| (So) 26 Mrt | Makaela Beyneveldt | 15 | D | 076 841 3570 |
| (Di) 28 Mrt | Koemi vd Walt | 60 | B | 082 459 3832 |
| (Wo) 29 Mrt | **Hendrik vd Walt** *<br>Marina vd Walt | **72**<br>65 | B<br>B | 072 200 1100<br>072 135 6905 |
| (Do) 30 Mrt | **Sheila Cloete** **<br>Gregory Carlisle | **84**<br>18 | B<br>B | 083 361 8839<br>082 923 9845 |
| (Vr) 31 Mrt | **Rika Schutte** *<br>Annemarie v Biljon | **77**<br>61 | B<br>B | 079 114 0567<br>072 937 9648 |
| (Sa) 1 Apr | Hannes Roux<br>Piet Kruger | 53<br>36 | B<br>B | 083 288 2525<br>072 502 1587 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Maart 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**5 Maart Teologiese Studente Kas**~~
~~**12 Maart Thusofondse**~~
~~**19 Maart Deputate Jeugsorg**~~

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Wees waaksaam,**
**staan vas in die geloof,**
**wees manmoedig,**
**wees sterk!**

**1 Korintiërs 16:13**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers is vanaf 2 tot 5 Mei 2023 in die Kruger Wildtuin.** Hulle sal by Olifants kamp tuisgan.

**Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar** vir die Wildtuin uitstappie en as enige lidmaat nog wil gaan, moet jy nou jou plek bespreek anders sal jy nie kan saam gaan nie.



**Skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905, om jou plek op die jaar se Wildtuin uitstappie te verseker.**

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***

**Pieter Nagel en Robert Marriott.**

**Diakens:**

**Jan-Carl Oosthuizen, Nico Swanepoel en Burger Myburgh.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

## GEMEENTE KUIER

**Op Vrydag 21 April 2023 beplan ons weer 'n kuiertjie hier by die kerk.**




**Bring jou gunsteling wors, broodrolletjies, eetgerei en drinkgoed, want die Aktiwiteitskommissie sorg vir die res. Daar sal vure wees om jou wors te braai asook souse, tamaties, blaarslaai, gebraaide uie en kaas.**

**Ons kuier weer vanaf 18:00 saam.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

**Kinders van God Rom 8:14-17**
**Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie;**



## Abba; Vader

**nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Erfgename

17En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.



# Praat saam....

Alleen, deur die Gees, 'n kind van God.

Alleen, iemand wat in Jesus glo, kan uit roep: Abba, Vader!

Dan is jy 'n erfgenaam.

Dan is jy deel van die familie saam met Christus.

*Is daar iemand wat langs ons familie leef. Trek hom/haar weer nader met die wete dat die wat in Jesus glo Kinders van God is.*

| | | |
|---|---|---|
| <u>Preke</u><br><br>Kan afgelaai word op:<br><br><u>www.gereformeerd.co.za</u> | <u>Kerkkantoor</u><br>Faksnommer<br><br><u>Webwerf</u><br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| <u>Koster</u><br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br><u>Orreliste</u><br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | <u>Bankbesonderhede</u><br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Deur geloof het Noag, toe hy die goddelike opdrag ontvang het oor dit wat nog glad nie gesien is nie, en omdat hy in eerbied gehoorsaam was, 'n ark voorberei vir die redding van sy huis. Daardeur het hy die wêreld veroordeel, en 'n erfgenaam geword van die regverdiging volgens geloof.*

*Hebreërs 11: 7*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**